PLAASLIKE OWERHEID: STELLENBOSCH MUNISIPALITEIT

PROKLAMERING VAN BELASTING TARIEWE VIR DIE 2016/2017 FINANSIËLE JAAR

Kennis geskied hiermee in terme van artikel 14 (3) van die Plaaslike Regering Munisipale Eiendomsbelasting Wet (No 6 van 2004) dat die volgende eiendomsbelasting tariewe goedgekeur is, in terme van artikels 14(1) en 14(2) van die Plaaslike Regering Munisipale Eiendomsbelasting Wet (No 6 van 2004), deur die Raad van Stellenbosch Munisipaliteit by die Raadsvergadering gehou op 25 Mei 2016:

Eiendom	**Tarief**
Nie-residensiële eiendomme	R 0.01200
Residensiële eiendomme	R 0.00599
Landbou eiendomme	R 0.00149

Spesiale Aanslag Gebiede (SAG)

Die volgende tariewe sal van toepassing wees wanneer die Spesiale Aanslag Gebiede goedgekeur is deur die Stellenbosch Munisipale Raad :

Spesiale Aanslag Gebiede (SAG)	**Tarief(BTW Ingesluit)**
Technopark	R 0.001242
Jonkershoek	R 0.001185

Kortings:

1. Bruto maandelikse/huishoudelike inkomste: Pensioenarisse en Gestremde Persone wie kwalifiseer

Inkomste Groep				**% Korting**
Tot en met			R 6 000	100%
Vanaf	R 6 001	tot	R 8 000	75%
Vanaf	R 8 001	tot	R 10 000	50%
Vanaf	R 10 001	tot	R 12 000	25%

2. Munisipale Waardasie

100% op alle Residensiële eiendom tot ’n maksimum waarde van R95 000.

3. **Stellenbosch Spesiale Kortings**

   ‘n Korting van 20% kan toegestaan word op eiendomme wat geregistreer is in die naam van Openbare Weldaads Organisasies ingevolge die goedgekeurde Munisipale Eiendomsbelasting Beleid van die Munisipaliteit.

4. **Nie-Winsgewende Organisasies**

   ‘n Korting kan toegestaan word ten opsigte van eiendom geregistreer in die naam van ‘n Nie-Winsgewende organisasie ingevolge die goedgekeurde Munisipale Eiendomsbelasting Beleid van die Munisipaliteit

R Bosman
Waarnemende Munisipale Bestuurder, Posbus 17, Stellenbosch, 7599
Telefonnommer : 021 – 808 8111